# SONTOER

## 3 -5 Desember 2002

Beleef die
**Algehele Sonsverduistering**
op 4 Desember 2002
in Messina
SUID AFRIKA.

Reis per
**privaat eersteklas trein**
**Vanaf**
Johannesburg en Pretoria
met aansluiting vanaf
Bloemfontein

Projek van die NG Gemeentes
Mondeor en Brandwag.

## WAT GEBEUR?**

### Dinsdag 3 Desember

Ons ontmoet na middagete mekaar by die Johannesburgse stasie. Passasiers van die Vrystaat sluit ook by ons aan. Ons geniet 'n glasie sjerrie en ons plekke word vir ons aangewys.

In ons kompartement is daar slaapplek vir vier persone. In die koepee in die gang af is daar net slaapplek vir twee. Daar is ook 'n wasbak en 'n tafeltjie wat oor die wasbak platslaan. Ons plaas ons bagasie in die rak bokant die deur.

Ma het tuis 'n mandjie gepak vir middagete en ons geniet padkos soos net Ma dit kan maak. Die verversings in die koelsak is heerlik verfrissend.

Die trein vertrek. Op Pretoria se stasie klim nog 'n groep mense op.

Die volgende stop is Pietersburg. Die orkes van Piet Bester wag ons in vir 'n lekker **Sakkie-Sakkie-Perrondans.** Die ligte aandete smaak sommer vorentoe.

Die aand kuier ons oor en weer met ons nuwe trein-vriende. Teen nege uur begin die trein-personeel ons beddens opmaak. Wie slaap bo?

### Woensdag 4 Desember

Ons arriveer lank voor sonop op Messina stasie en word wakker in die bosveld. Ons trein parkeer op 'n **privaat sylyn**. Met eerste lig geniet ons 'n koppie koffie. Net voor vyf vervoer **luukse busse** ons na die Hoërskool se rugbyveld waar ons die son mooi kan sien opkom. 'n Karnaval atmosfeer heers hier, want nog duisende ander mense het vir die skouspel gekom. Uitstallings, lesings, vlooimark, noem maar op. Dit is alles hier.

Net na sewe begin die verduistering en ons hou die vordering dop. Teen **08:18** is **die verduistering algeheel.** Wat 'n skouspel!

Teen tien uur kom haal die busse ons weer vir 'n besoek aan **Beitbrug** en die Sekuriteitsheining tussen die buurlande . Met ons terugkeer geniet ons 'n **heerlike laat-ontbyt** by Mudzwiri Lodge.

Nou ontdek party die dorp. Ander swem. Die bekende Slurpie-boom en die golfbaan is binne loopafstand. Die rolbal klub se twee bane is pragtig in die somer.

Teen vyf uur kom ons bymekaar vir 'n **vrugtefees.** Wat 'n ete!

Sewe uur begin **Roberto** se konsert. Hy is elke keer 'n sukses. Na die vertoning is ons terug op die bus en 23:00 vertrek die trein.

Goeie nag. Ek is pootuit!

### Donderdag 5 Desember

Die stort is uiters verfrissend.
Ons **ontbyt op Warmbad**. Wat gaan ons eet?

Terug by die stasie in die groot stad. Wat 'n heerlike ondervinding was dit nie? Tog jammer die volgende algehele verduisering in ons land is eers in 2030. Dankie tog ek het hierdie een nie gemis nie.

*As hierdie treintoer vir jou lekker klink kan jy die onderstaande persoon kontak Ds Jan Viljoen (JHB) by +2782 751 8036 e-pos rapula@netactive.co.za*

*Dit is 'n geleentheid van jou lewe.*

**Tariewe ***

Kompartement vir vier Persone
Vanaf Gauteng: R4995.00
Vanaf Bloemfontein: R5695.00

Koepee vir twee Persone
Vanaf Gauteng: R3995.00
Vanaf Bloemfontein: R4695.00

**Sluit in:**
Eersteklas trein na en van Messina.
Aandete & perron dans 3 Desember
Beddegoed 3 & 4 Desember
Laat Ontbyt 4 Desember
Vrugtefees 4 Desember
Busvervoer te Messina 4 Desember
Toer na Beitbrug 4 Desember
Roberto se Konsert op 4 Desember.
Bfn passasiers Middagete 3 & 5 Des

**Voorwaardes**

* Tariewe onderhewig aan Spoornet verhogings. Prys in Suid Afrikaanse Rand **Program mag verskil.
*** Voorwaardes op besprekingsvorm